TAALMONUMENT
1975 – 2025

’n Halfeeu van vier en versoen

Museum en monument bereik goue mylpaal

Só was die Taaljaar van 1975

Afrikaans het 'n sleutelrol gespeel in die opkoms van wit Afrikaner-nasionalisme in die eerste helfte van die 20ste eeu, sê **Chantelle de Kock**, maar die ATM het dít en verskeie ander storms waardig oorleef en floreer nog.

Huis Gideon Malherbe, vandag die Taalmuseum, is in 1972 gekoop, gerestoureer en op 14 Augustus 1975 geopen met die 100-jarige viering van die GRA. Foto: DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM-ARGIEF

Die regering het 1975 as Taaljaar verklaar ter viering van die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) 'n eeu tevore en die toekenning van amptelike status aan Afrikaans in 1925. Landwyd is talle kleiner taalmonumente opgerig.

Die jaar 1975 het op 'n Woensdag begin. Nicolaas Johannes Diederichs was die staatspresident en Balthazar Johannes Vorster die eerste minister. Nelson Mandela was 'n politieke gevangene op Robbeneiland.

Bekendes soos die 100-jarige Afrikaanse skrywer Miemie Elizabeth Rothmann (M.E.R.) en taalaktivis Sarah Goldblatt is daardie jaar oorlede. In dieselfde jaar is die bekende aktrise Charlize Theron gebore. Sy sou later spot dat daar net 44 Afrikaanssprekendes is…

TV-toetsuitsendings het op 5 Mei in Johannesburg begin en op 26 November het Riaan Cruywagen sy eerste Afrikaanse nuusbulletin op SAUK-televisie gelees. Breyten Breytenbach is tot nege jaar tronkstraf gevonnis vir hoogverraad. In 1975 is Vera Johns as Mej. Suid-Afrika gekroon, Gail Anthony as Mej. RSA en Veronica Motsepe as Mej. Afrika-Suid – 'n parallelle realiteit weens apartheid.

Een van die groot Afrikaanse treffers was "My Sonnestraal" deur Herbie en Spence. In rolprentteaters het flieks soos *Eendag op 'n reëndag*, *My Liedjie van Verlange*, *Liefste Veertjie* en *Ma skryf matriek* verskyn.

Die Burger het 10 sent gekos, 'n dosyn eiers 32 sent en 2,5 kg suiker 36 sent. 'n Chevrolet-bakkie was R2 225.

Intussen het Operasie Savannah begin toe die SA Weermag Angola binnegeval het. André P. Brink se boek *'n Oomblik in die wind* is verban.

Geliefd én omstrede

'n Waardige monument vir Afrikaans is reeds in 1942 voorgestel, maar eers vanaf 1972 tot 1974 op Paarlberg opgerig. Die privaat projek is in 1975 tot 'n landwye Taaljaar verhef met feeste selfs buite Suid-Afrika.

Nie almal het die monument aanvaar nie. Breytenbach het dit 'n "oogskending" en " 'n belediging vir nie-wit Afrikaanses" genoem. Tog het groot feeste plaasgevind. Koerantopskrifte het geswymel met: "40 000 by die Taalfees", "Onvergeetlik groots", "Menigte huldig Afrikaans", en "Taal haal die Paal".

Die *Paarl Post* het egter op 29 April 1975 geskryf oor die betrokkenheid van bruin Afrikaanssprekendes. Die Taalmonumentkomitee het besluit om "Kleurlingkultuurleiers" by die beplanning te betrek. Adam Small, wat sy gedig "Nkosi Sikelel' iAfrika" sou voordra, het egter onttrek weens weerstand teen bruin deelname. Sommige wit skrywers het gedreig om te boikot as bruin skrywers uitgesluit word. Uiteindelik is bruin skrywers, gemeenskapsleiers en groot getalle leerlinge wel genooi, al het enkeles steeds weggebly.

Spele, sang en vieringe

In Oktober 1975 is volkspele, volksang en 'n spesiale feesdiens in die Strooidakkerk gehou. Die Paarl se strate is met vlae versier, geboue is verlig, en 'n galakonsert met Mimi Coertze is gehou.

Agt fakkels ter ere van die GRA-stigters is landwyd na die monument gedra en 'n groot geelkoperfakkel is daarmee aangesteek.

Onder die optredes het die Drakensbergse Seunskoor, die Bel Canto-koor van David Samaai en die Primrose-koor van Abdullah Maged getel. Small se gedig is voorgelees.

Agt maande later…

Slegs agt maande ná die inwyding van die Taalmonument het die 1976-jeugopstand uitgebreek, deels oor mislukte voorstelle rakende Afrikaans as 'n onderrigmedium. Teen die laat 1970's was die NP-regering onder druk en SA internasionaal geïsoleer.

In die 1980's het protesbewegings soos *Vrye Weekblad* en die alternatiewe musiekbeweging Voëlvry ontstaan.

In 1994 het 'n nuwe demokratiese bestel gevolg met 11 (nou 12) amptelike tale, insluitend Afrikaans.

Die ATM moes nog storms trotseer in 2022 met 'n voorgestelde naamsverandering. Die instelling en almal gemoeid met Afrikaans het hul opinie hieroor gegee en die naamsverandering is nie deurgevoer nie.

Vandag is die ATM 'n openbare entiteit met 'n raad aangewys deur die minister van sport, kuns en kultuur.

Ons visie is om 'n dinamiese en inklusiewe instelling te wees wat die taalkundige diversiteit van Afrikaans bevorder binne 'n multikulturele samelewing. Dit streef na die welstand van Afrikaans binne die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap en wil veral die jeug en nie-moedertaalsprekers ondersteun. Die instelling bevorder wedersydse respek tussen Afrikaans en ander inheemse tale deur die wedersydse invloede van die tale op mekaar te erken.

■ **Chantelle de Kock is die kurator sedert 2016.**

Hoe die Paarl Post destyds berig het.

Bykomende bronne:

- SA History. Afrikaans Language: Black and Coloured Dissent. *www.sahistory.org.za/article/afrikaans-language-black-and-coloured-dissent*
- *News24.* '26 May 1948: The Day That Changed South Africa Forever.' *www.news24.com/citypress/news/26-may-1948-the-day-that-changed-south-africa-forever*
- *Van Wijk, J. 2014.* Taalmonument. *Signet Printing, Maitland, Wes-Kaap*
- *Carstens, W.A.M. & Raidt, E.H. 2019.* Die Storie van Afrikaans. Deel 2. *Protea Boekhuis, Pretoria*
- *Giliomee, H. 2004.* Die Afrikaners: 'n Biografie. *Tafelberg, Kaapstad*
- *Beeld, Die Volksblad, Die Burger, Paarl Post*
- *Afrikaanse Taalmuseum-argief*
- *Rossouw, J. 2022.* 'Verskeie Afrikaanse taalgedenkstrukture en een Afrikaanse Taalmuseum'. *LitNet, 14 Desember 2022*
- *Rossouw, J. 2022.* 'Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl: 80 jaar van kontroversie'. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 62(3), September*

U50 Vyftig jaar van Afrikaanse nalatenskap

Die Afrikaanse Taalmonument, op Paarlberg in die suide van die land gesitueer, vier in 2025 vyftig jaar as baken van taal, kultuur en geskiedenis. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, teen Meintjeskop in die noorde geleë, vier hierdie mylpaal met hartlike gelukwense en sien in die Taalmonument 'n lewende simbool van alles waarvoor die SA Akademie ook staan: taalbewaring, samewerking en die koestering van ons ryk Afrikaanse erfenis.

Die SA Akademie speel 'n leidende rol in 'n inklusiewe omgewing waar kennis, kreatiwiteit en innovasie in Afrikaans gedy. Dit is verbind tot die bevordering van wetenskap, tegnologie, letterkunde en kuns in Afrikaans, asook die gebruik en beskerming van alle variëteite van Afrikaans. Deur hierdie visie en missie verbind die SA Akademie sprekers en instansies in 'n gemeenskap wat kennis, kultuur en taal bevorder. Die Taalmonument weerspieël ook hierdie strewe: dit inspireer besoekers, bevorder gesprekke en hou Afrikaans lewendig as 'n taal van denke, emosies en kultuur.

Hierdie goue jubileum val saam met die honderdjarige herdenking van Afrikaans se amptelike erkenning en herinner ons daaraan dat die verlede gekoester moet word, terwyl ons 'n veerkragtige toekoms bou. Die SA Akademie vier saam met die Taalmonument nie net wat bereik is nie, maar ook wat nog moontlik is – 'n inklusiewe ruimte waarin Afrikaans kan floreer, en waar taal, kultuur en geskiedenis vir geslagte beskerm en bewaar kan word.

www.akademie.co.za

Die letterkonvooi vir Afrikaans100 tydens die 100-jarige viering van Afrikaans as 'n amptelike taal by die Taalmonument in 2025.

Foto: AFRIKAANS100 | NATALIE GABRIELS PHOTOGRAPHY

Monument ontkaap Afrikaans en bou brûe

'n Vraag waarmee die Afrikaanse Taalmuseum en -monument gedurig gekonfronteer sal word, is hoe ons uiting gee aan 'n mandaat wat ten doel het om die instelling uit te bou in 'n dinamiese, inklusiewe liggaam wat die talige diversiteit van Afrikaans in 'n multikulturele gemeenskap bevorder, sê **Michael Jonas**.

Ten spyte van sy omstrede verlede, ontstaan en ontwikkeling, en die verskuiwing van die politieke verteenwoordiging ná 1994, het die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) koers gehou om sy mandaat te onderhou en selfs te verbreed. 'n Merkwaardige prestasie, veral gesien in die lig daarvan dat baie mense nie altyd besef dat die instelling langer in die postapartheid-Suid-Afrika bestaan as tydens die ou politieke bedeling nie.

Aanvaar die geskiedenis, maar . . .

In die tydperk voor 1994 het die instelling die tradisie van vele staatsbefondste Afrikaner kultuur- en identiteitsprojekte gevolg.

Kulturele bakens soos die ATM kon artefak-getuienis en 'n mate van egtheid bied, en is as 'n medium gebruik om 'n ideale beeld van die nasionalistiese regering op te roep in hul soeke om identiteit te konstrueer op grond van 'n geskiedenis van gemeenskaplike oorsprong en beskawing. Dit het ook die belangrikheid en waarde van die bewaring van die nasie se kulturele geskiedenis en die rol wat dit speel in nasiebou en die skep van nasionalistiese trots na vore gebring.

Die koms van die nuwe bedeling sou verreikende gevolge vir die instelling hê. Die ATM-raad en bestuur was stelselmatig genoodsaak om te voldoen aan die eise van die demokraties verkose nasionale regering van die dag. Met die destydse Witskrif vir Kuns, Kultuur en Erfenis en gepaardgaande transformasievoorstelle deur die hersieningskomitee van die departement was die ATM in 'n penarie. Daar was selfs sprake om die instelling af te wentel na die destydse Kaapse Provinsiale Administrasie.

Verandering is nodig

Uit nood, ter wille van finansiële oorlewing en om die status quo te behou, het die entiteit in die laat negentigs 'n enorme gedaanteverwisseling ondergaan.

'n Sprekende voorbeeld hiervan was die poging in 1997 toe daar besluit is om prof. Christo van Rensburg – skrywer van onder meer *So kry ons Afrikaans* – aan te stel om 'n volledige projek oor die drie variante van Afrikaans te doen wat vir 'n nuwe Historiummuseum beoog is.

Die raad sou later tot sy sinne kom en die beplande teks en navorsing deel maak van die uitstallings in Malherbe-huis, soos die Taalmuseum destyds bekend gestaan het. Dink net aan die kritiek indien die vroeë ontstaansgeskiedenis geskei sou word van die toe bestaande dominante GRA-narratief?

Ander kosmetiese veranderings soos die aanbring van die Afrikaanse Taalmuseum se naam in Engels, Xhosa en Sotho was ook aan die orde van die dag. Kon dit die voorbode wees van die vele, knaende versoeke deur die destydse departement van kuns, kultuur en tegnologie om die instelling se naam telkens te verander?

'n Muurskildery in die Bo-Kaap wat erkenning gee aan die Arabiese skrif se invloed op Afrikaans.

Foto: AFRIKAANS100 | NATALIE GABRIELS PHOTOGRAPHY

Beeldhouwerk met wye interpretasiemoontlikhede

Hierdie prestasies is uiters besonders gegewe die politieke druk, onderbefondsing en besoekers wat hul idees, sienings en emosies na die monument bring. Gelukkig is die monument as beeldhouwerk juis ontwerp om uiteenlopende interpretasies te stimuleer en om die aanvanklike boodskap en betekenis te bevestig.

Deur ons programme en aktiwiteite poog ons om interkulturele kommunikasie, kulturele diversiteit en begrip vir "die ander" te bevorder. Hierdie betekenisse, menings en perspektiewe word verder onderhou, gestimuleer en verbreed deur die implementering van 'n uitgebreide kommunikasiestrategie.

Die afgelope dekades het die ATM deur die implementering van hierdie strategie haar sigbaarheid as nasionaal verklaarde kulturele instelling verhoog en 'n duidelike digitale voetspoor ontwikkel. Sentraal tot die strategie is die uitbreiding van die museumversamelings, die verspreiding van inligting deur uitstallings en openbare programme, asook die gebruik van sosiale media. Die ATM word bemark as 'n instelling wat die demografie en diversiteit van die breë Afrikaanssprekende gemeenskap weerspieël.

Deur die samestelling en gebruik van tydelike uitstallings as medium poog die ATM om nuwe stemme tot die instelling se ontstaansnarratief te voeg en die bydraes van alle variëteite te erken.

Uiteraard speel die museum self ook 'n belangrike rol in bewaring waar groot vordering gemaak is met die digitalisering van die versameling, asook die doelgerigte uitbreiding van die Arabies-Afrikaanse taalherlewingsprojek.

Bou 'n beter toekoms

Die museum en monument moet voortdurend herinterpreteer word om te dien as 'n monument van versoening, nasiebou en sosiale samehorigheid.

Terselfdertyd moet dit ons herinner aan die tragiese verlede en die doelbewuste kaping van die relatief jong Afrikaanse taal. Want die beste manier om die taal te "ontkaap" is om juis hierdie pragtige plek as 'n ontmoetingspunt te gebruik en weg te beweeg van 'n historiese narratief wat daarop gemik is om die Afrikaanssprekende gemeenskap te verdeel. Dit moet 'n ruimte wees waar brûe tussen Afrikaanssprekendes onderling, en tussen Afrikaanses en ander, opgebou kan word.

As 'n unieke kontaksone vir Afrikaanssprekendes en nie-moedertaalsprekers poog die ATM, deur programme en aktiwiteite, om ruimtes te skep vir kritiese denke en debatvoering wat besoekers in staat stel om sienings te vorm en persepsies en vooroordele uit te daag.

Dit word gedoen deur die doeltreffende uitvoering van ons kernfunksies wat ten doel het om konteks te verskaf, inligting te ontsluit en mense te prikkel om merkwaardige artefakte of skeppings in ons kultuurlewe te verken.

Mag hierdie kulturele baken van krag tot krag gaan en koers hou om sy mandaat te verbreed.

■ **Michael Jonas is die direkteur sedert 2016.**

Die winde van verandering

Elvis Saal onthou met groot waardering sy tyd by die ATM en die veranderinge wat in daardie tyd ingestel is.

Die ATM vergeet nooit van sy opvoedkundige mandaat nie en speel gereeld gasheer vir skooluitstappies waar die waarde van taal en veeltaligheid bespreek word.
Foto: VERSKAF

Dit is tekenend van die ATM se veerkragtigheid dat hy ná 50 jaar steeds relevant is, met die monument 'n blywende simbool vir Afrikaans wanneer jy die Paarl binnery. Dit is ook bekend vir sy kwota omstredenheid, maar het in onlangse jare gewys dat hy homself kan herposisioneer om relevant te bly in 'n veranderende Afrikaanse taallandskap.

Om 'n inklusiewe ruimte te skep

Ek het op die raad gedien van 2015 tot 2020, in 'n tyd toe daar erns met 'n herverbeelding van die instelling gemaak is. Dit was 'n opwindende tyd om deel te wees van 'n raad wat toegewyd gewerk het om die openbare beeld van die ATM te verander na een wat as 'n inklusiewe ruimte kon dien.

Ons eerste taak was die aanwys van 'n nuwe direkteur. Hier moes ons seker maak dat ons raakvat met ons aanstelling om te verseker dat die agenda van inklusiwiteit deur die nuwe direkteur omarm en passievol uitgedra sou word. As ek nou na die afgelope 10 jaar terugkyk, dan het die winde van verandering behoorlik gewaai by die instelling, en het dit 'n kragtige simbool geword wat in diens van sosiale samehorigheid en nasiebou staan.

Ek onthou met groot genoegdoening ons vele strategiesessies waar daar by tye kwaai koppe gestamp is oor wat die beste toekomspad sou wees. By een van ons eerste strategiesessies het ons moeite gemaak om die visie van die ATM te hersien, met 'n bepaalde fokus dat die versweë en onvertelde geskiedenisse van Afrikaans in die erfenisruimte tot hul reg sal kom.

Op Boomplantdag word jaarliks 'n opvoedkundige praatjie vir skole uit die gemeenskap aangebied.

Tans bied die instelling 'n verruimde beeld van die Afrika-geskiedenis van Afrikaans op 'n interaktiewe en virtuele wyse aan wat besoekers uitdaag om anders oor die taal en sy verlede te dink.

'n Lewende en interaktiewe monument

Die Taalmonument het die afgelope klompie jaar 'n toonbeeld van 'n lewende monument geword. Daar word piekniek gehou, sterre gekyk, sommer net lekker op die gras gekuier en saamgedans op die maat van Afrikaanse musiek.

Naas die opwindende, vermaaklike kant van die monument, het die ATM egter nie sy opvoedkundige mandaat versaak nie. Besoekers (veral skoolkinders) word aan die hand van vaardige toergidse aan Afrikaans se multidimensionele en veranderende aard blootgestel. Die verskillende dele van die monument bly 'n tydige herinnering aan ons verlede oor drie vastelande heen: Europa, Afrika en die Asië

Ons weet nie wat die toekoms vir die instelling inhou nie, maar te oordeel na die veerkragtigheid en lewenskragtigheid wat die plek oor die afgelope paar jaar getoon het, is ek oortuig dat die ATM van krag tot krag sal gaan.

Danksy sy dinamiese personeel sal dit 'n belangrike rolspeler in die Suid-Afrikaanse erfenislandskap bly.

Wens vir die toekoms

Mag die ATM oor die volgende 50 jaar die baken van hoop bly vir Afrikaans. Mag dit 'n blywende herinnering wees aan Afrikaans se veerkragtigheid en relevansie in 'n veranderende taalpolitieke landskap. Mag die monument altyd in diens staan van sy sprekers en voortbou op sy visie van 'n inklusiewe instelling wat tot diens van alle Suid-Afrikaners sal wees.

Ek is opgewonde, want ons het nou 'n herverbeelde museum en monument wat as simbool van hoop en maatskaplike samehorigheid vir ons nageslag kan dien.

My tyd as raadslid en voorsitter was 'n opwindende en stimulerende reis. Ek was bevoorreg om te kon aansluit in 'n tyd toe daar 'n oopheid was vir verandering en al die raadslede dieselfde visie gedeel het. Ek sal die gesprekke en kuiers met kollegas en raadslede koester. Geluk aan die direkteur, personeel en raad met dié besonderse mylpaal waar ons die 50ste bestaansjaar van 'n lewende en interaktiewe ATM kan herdenk.

■ **Elvis Saal was 'n raadslid (2015-2017) en die raadsvoorsitter (2018-2020).**

Baie geluk met 50 jaar!

taalmonument
(taal-mo-nu-ment) s.nw., taalmonumente. Monument vir 'n taal: *Dit* (die oprig van 'n taalmonument i.d. Paarl) *het Afrikaanssprekendes so begeester dat sowat 40 dorpe landwyd ... hul eie, maar wel heelwat kleiner, taalmonumente ... opgerig het* (Huisg., 8 Nov. 2017, E).

Wonder jy soms wat 'n Afrikaanse woord beteken? Teken in op die *Aanlyn WAT* teen slegs R200 per jaar en ontdek die skatkis van Afrikaans. Besoek www.wat.co.za.

WAT
Woordeboek van die Afrikaanse Taal



SKCM
SKCMasakhizwe Ingenieurs

Raadgewende-, Strukturele- en Siviele Ingenieurs
Hartlik geluk, Afrikaanse Taalmonument!
'n Halfeeu van trots, taal, kultuur en erfenis!
Mag die volgende 50 jaar net soveel betekenis en impak hê as die eerste vyftig. Ons vier saam met julle!

Kontak: Malcolm Loubser PrEng
www.skcm.co.za
• E-pos: loubsermpj@skcm.co.za • Tel: 021-871 1422
• Pastorielaan 13, Paarl

Monument vir ’n taal

Die Afrikaanse Taalmonument is 50 jaar gelede, op 10 Oktober 1975, op Paarlberg onthul. Die monument vier die ontstaan en bestaan van die derde grootste taal in Suid-Afrika, met sowat sewe miljoen moedertaalsprekers.

Die Afrikaanse Taalmonument-komitee is reeds op 26 September 1942 in die Paarl gestig.

In 1964 het die komitee ’n kompetisie vir die ontwerp van die monument uitgeskryf. Volgens die opdrag moes die monument van ver sigbaar wees en onder meer die kulturele en staatkundige opbloei van Afrikaans uitbeeld. Die argitek Jan van Wijk se ontwerp is as wenner aangewys.

Die terrein vir die monument, wes van Bretagne-rots op Paarlberg, is in 1965 gekies.

In 1968 het die Paarlse munisipaliteit sowat 84 hektaar kosteloos aan die staat oorgedra.

Die Taalmonument is geopen by die halfeeu-herdenking van Afrikaans se verheffing tot amptelike taal in 1925. Dit was ook die 100-jaar-herdenking van die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875 in die Paarl.

Konstruksie

Die bouproses van sowat drie jaar het in Januarie 1972 begin.

Die monument is opgerig deur ’n konsortium bestaande uit Murray & Stewart (Boland) en Holtzhausen & Hugo.

’n Spesiale betonmengsel is in ’n voorafvervaardigde bekisting gegiet. Dié mengsel het bestaan uit sement, wit sand en Paarl-graniet. Die aggregaat moes gehamer word om die natuurlike rotse in die omgewing na te boots.

11

Die getal **ontwerpe** wat van 10 deelnemers ontvang is. Hoewel 12 argitekte genooi is om deel te neem, moes twee hulle onttrek.

40 000

Die getal **mense** wat die inwyding van die monument op 10 Oktober 1975 bygewoon het.

70 000

Die getal jaarlikse **besoekers** aan die Taalmonument.

R718 058,79

Die finale **boukoste** nadat die kontrakprys in 1972 vir R739 880 vasgestel is.



In die middel van die monument is ’n **fontein** omring met water wat aandui dat die taal gevoed en onderhou moet word om te groei.

Die **brug** – NP van Wyk Louw het Afrikaans as ’n brug tussen die tale van Europa en Afrika beskryf.

Die **drie suile** aan die westekant is 13,5 m hoog en verteenwoordig die Europese tale – grootliks Nederlands, maar ook Frans, Portugees en Engels.

“Dit is ons erns” is die Afrikaanse antwoord op die toespraak “Is’t u ernst?” wat die politikus J.H. Hofmeyr (Onze Jan) op 6 Maart 1905 in Stellenbosch gehou het.

Die opening bo in die **hoofsuil**, met ’n hoogte van 57 m, wys dat Afrikaans aanhou groei.
CJ Langenhoven het Afrikaans as ’n “snelstygende boog” beskryf, omdat die tempo waarteen die taal groei toenemend versnel. Aan die westekant is gleuwe om lig in te laat.

Die **gedenksteen** waar Jan van Wijk, die argitek, se as in ’n rots agter die monument geberg is.

Hierdie suil van 26 m verteenwoordig **Suid-Afrika** – die geboorteplek en tuiste van Afrikaans.

Daar is 37 **gedenkstene** rondom die waterpoel en Republieksuil.

Die muur op die hooftrappe verteenwoordig die bydrae van die **Maleise** taal en kultuur.

’n Ringmuur, met die drie rondings daarop, stel voor die invloed van die inheemse **Afrika-tale**, waaronder die Khoi s’n.

Argitek

Die argitek van die monument, **Johan Carel (Jan) van Wijk** (2 Mei 1926 – 20 Mei 2005) het in 1949 die graad B.Arch. aan die Universiteit van Pretoria behaal.

Hy het vir argiteksfirmas in Kaapstad, Pretoria, Londen en New York gewerk.

In 1960 het hy met Erna Marais getrou, en in 1963 het hy sy eie praktyk gestig wat mettertyd uitgebrei het tot ’n maatskappy met kantore in Verwoerdburg (Centurion), Johannesburg, George, Mosselbaai en Mmabatho.

Gedurende sy loopbaan was Van Wijk by meer as 860 projekte betrokke, waaronder kerke, geboue vir die Randse Afrikaanse Universiteit (Universiteit van Johannesburg) en Rembrandt en monumente vir biskop Zulu en die 43 kinderslagoffers van die Westdene-busramp.

Styl

Die Taalmonument word as ’n beeldhouwerk beskou, eerder as as ’n argitektoniese werk.

Die struktuur het elemente van die brutalisme – geboue van gegote beton, met dik mure en diep venster- en deuropeninge.

Die beton het dikwels ’n ruwe oppervlak, met die merke van die bekisting steeds sigbaar.

Die gebruik van rou beton is wêreldwyd ’n algemene kenmerk van monumente uit dié tydperk.

Tydens die Taalmonument se 45ste viering in 2020 is die oorlewende bouers van die monument met paspoorte vereer wat hulle lewenslange gratis toegang tot die ATM bied.

Lees die fassinerende geskiedenis oor die bouers en bouprojek by taalmuseum.co.za/wp-content/uploads/2025/09/Taalmonument-Bouers-1975-uitstalling-2020.pdf



Bronne: Afrikaanse Taalmonument, *Taalmonument* (Jan van Wijk, 2014)

JACO GROBBELAAR, Netwerk24-grafika

Van voorneme tot aksie

Om die Afrikaanse Taalmuseum en -monument aan die nuwe Grondwet en regeringsvereistes te laat voldoen, was verreikende transformasie nodig, sê **Edna van Harte**.

Die argitek van die Afrikaanse Taalmonument, Jan van Wijk, se boek *Taalmonument: Simbool van Afrikaans* het in 2014 die lig gesien en is op Erfenisdag daardie jaar by die monument bekend gestel. Ton Vosloo (regs), toe die nie-uitvoerende voorsitter van Naspers, was die gasspreker. Van Wijk het die manuskrip in onafgeronde vorm voor sy dood in 2005 voltooi. Sy weduwee, Erna van Wijk (links), was ten nouste by die finalisering daarvan betrokke. Dit is beskikbaar by die Taalmonument teen R90. Die inkomste uit die verkope van die boek word vir die instandhouding van die monument en die bevordering en bewaring van Afrikaans aangewend. Foto: EDREA DU TOIT

My tyd as ATM-raadsvoorsitter was tydens 'n periode van intense verandering in die samelewing sodat strukture op alle vlakke, asook die bevolking in Suid-Afrika, by die eise van die nuwe demokrasie kon aanpas.

Die uitdaging van die raad was om só te transformeer dat die inrigting voldoen aan die nuwe Grondwet en regeringsvereistes om die instelling se toekoms te verseker. Dit moes ook die inrigting toenemend posisioneer as 'n inklusiewe entiteit wat betref 'n multikulturele bevolking.

Die toekoms en status van taal in die algemeen was een van die prominente kwessies wat gereeld daai tyd binne die land aangespreek is. Daar was ook steeds 'n polemiek onder die verskeie rassegroepe in Suid-Afrika oor die eienaarskap, aard en oorsprong van Afrikaans as 'n taal.

Transformasie aan die werk

Wat vir ons raad aanmoedigend was, was dat die ATM reeds pogings tot transformasie begin het om die linguistiese diversiteit van Afrikaans te omhels, soos met die jaarlikse Mathews Phosa-lesing. Die twee kunskurators was geesdriftig daaroor om transformerende uitstallings aan te bied wat die organisasie se werksaamhede en kultuur sou bevorder.

Die raad het daarin geslaag om die verhouding met die departement te verbeter en daar was opgewondenheid toe die nuwe minister van kuns en kultuur, Pallo Jordan, 'n amptelike besoek aan die instelling gebring het. Sy geesdrif was duidelik oor die innoverende werk wat reeds oor die jare by die museum gedoen is om Afrikaans as 'n kommunikasiemiddel en akademiese taal te bewaar en te bevorder.

> “Ons het gereeld die wens uitgespreek dat die raad verteenwoordigend moes wees van persone uit alle rassegroepe in Suid-Afrika. Dit is dus verblydend om te hoor dat die raad nou wel so verteenwoordigend is.
>
> — EDNA VAN HARTE

Dit was ook my eer om die ATM vir 'n ruk lank te verteenwoordig op die eerste Nasionale Erfenisraad in die nuwe SA. Afrikaans is sodoende sigbaar gemaak tydens die Erfenisraad se besoeke aan invloedryke tradisionele en ander politieke leiers binne al die verskillende provinsies. Sekere van die ATM-personeel kon verskillende programme van die Erfenisraad bywoon en aan innoverende gesprekke oor erfenis en kultuur deelneem. Sodoende kon hulle ook hul netwerke uitbrei na 'n breë spektrum van ou en nuwe rolspelers binne die erfenis- en kultuursektore.

Noemenswaardige strategiese vennootskappe is gevorm om transformasie-aktiwiteite verder te versterk. Een voorbeeld is Stellenbosch Universiteit wat 'n aanlyn kursus vir 'n jaar beskikbaar gestel en geborg het om nie-moedertaalleerders van Afrikaans te help om hul vaardigheid in die taal te verbeter.

Toe drie dekades gevier is

Die 30-jarige viering van die ATM was 'n groot mylpaal tydens ons raad se termyn. Deel van die dag se gebeurtenisse was die plasing van die as van die oorlede argitek Johan Carol (Jan) van Wijk deur sy weduwee, Erna, by die Taalmonument.

Ntombazana Botha, adjunkminister van kuns en kultuur, se bydrae as gasspreker by die viering het die regering se toewyding daartoe beklemtoon om Afrikaans as een van die amptelike tale te onderskryf. Sy het afgesluit met 'n kort Afrikaanse gedig waarmee sy die gehoor se waardering en harte gewen het.

Johan Carol (Jan) van Wijk, argitek van die Taalmonument, en 'n onbekende bouer (regs) ten tye van die bouwerk in 1975. Van Wijk se as is in 2005 as deel van die 30ste bestaansjaarvieringe in 'n rots by die monument geplaas. Foto: VERSKAF

Taal binne kultuur en erfenis herbesin

In die algemeen het ons raad geworstel met kwessies oor die belangrikheid van taal binne die konteks van 'n inklusiewe kultuur en erfenis, sy rol om by te dra tot identiteitsvorming, en om gemeenskappe met mekaar te verbind.

Ons moes ook besin oor projekte wat die visie, missie, waardes en volhoubaarheid van die museum sou verseker en persepsies oor die organisasie aanspreek. Ons het gereeld die wens uitgespreek dat die raad verteenwoordigend moes wees van persone uit alle rassegroepe in Suid-Afrika. Dit is dus verblydend om te hoor dat die raad nou wel so verteenwoordigend is. Verder dat William Langeveld, 'n prominente persoon uit die Khoisan-gemeenskap, in later jare ook betrokke was by die ATM en dat die instelling sy lewe met 'n seremonie sal herdenk.

Dit is vir my 'n besondere eer om die raadslede, personeel en publiek te bedank vir hul ondersteuning. Dit was vir ons almal 'n periode van intense uitdagings, maar tog ook innerlike beloning.

Baie geluk met die mylpaal en mag die Afrikaanse Taalmuseum en -monument 50 jaar van nou steeds met trots terugkyk op die nalatenskap van hierdie belangrike en ikoniese organisasie.

■ **Edna van Harte was die raadsvoorsitter (2003 tot 2010).**

Monument vir 'n demokrasie

Destyds was hy 'n kind uit 'n arm woongebied wat die totstandkoming en die inwyding van die monument van 'n afstand dopgehou het, onthou **Michael le Cordeur**. Dit was in die tyd toe apartheid op sy felste was.

In die onlangse verlede het meer as 4 000 besoekers na die Taalmonument se amfiteater gekom wanneer die ATKV-Rieldansfinaal aangebied is — net nog 'n bewys van hoe Afrikaans mense uit verskillende agtergronde saamtrek. Foto: ADRIAN DE KOCK

Intussen het baie water in die see geloop. Danksy die harde werk van sy bestuur, werkerskorps en sy raadslede het die ATM daarin geslaag om sy beeld te verander na 'n inklusiewe ruimte waar almal wat in hul hart en niere Afrikaans is, welkom voel. Die uitreikprogramme na skole en die uiteenlopende gemeenskap het baie gedoen om by die sprekers van Afrikaans 'n diepe trots te skep vir hul moedertaal en dit waartoe jou taal jou in staat kan stel.

In die middel van die monument is 'n fontein omring met water wat aandui dat die taal gevoed en onderhou moet word. Die uitreikprogram was dus belangrik in die konteks om Afrikaans te laat groei van "Taal van die onderdrukker "tot Taal van demokrasie". Afrikaans het 'n bemagtigingsinstrument geword waarmee ons wêrelde kan verskuif.

Gesonde finansiële bestuur

In my tyd by die ATM was ons bevoorreg om aangewys te word as die enigste openbare entiteit wat 'n ongekwalifiseerde finansiële verslag van die Ouditeur-generaal ontvang het. Dit is bewys van die goeie korporatiewe bestuur wat die personeel van die Taalmuseum toegepas het en steeds toepas. As jy vandag sien wat tans in ons land gebeur, is die ATM voorwaar 'n ligpunt en 'n voorbeeld vir baie ander rolspelers in die staatsdiens. Hulle kan gerus 'n blaadjie uit die Taalmuseum se boeke neem wat betref gesonde finansiele bestuur.

'n Hegte eenheid

Op kulturele en artistieke gebied het die museum ook die kleurgrens oorgesteek met feeste soos die Rieldans. Dié lekkerkry-fees het jaarlikse meer as 4 000 toeskouers trek, en is bewys dat die instelling daarin geslaag het om Afrikaans se diverse groep sprekers saam te snoer in 'n hegte eenheid wat nie net een taal praat nie, maar inderdaad (letterlik!) stof opskop in die oë van ander Afrikaanse feeste wat betref die inklusiwiteit van Afrikaans.

Bo-Kaap en Genadendal

Na 50 jaar weet ons ook dat die Taalmuseum en die Paarl waar die Afrikaanse Bybel sy oorsprong het, nie die enigste plek is waar daar Afrikaanse wortels begrawe is nie. Ons weet vandag dat Afrikaans se wortels ook in die Bo-Kaap en in Genadendal is. In die Bo-Kaap het Tuan Guru die Koran in Afrikaans vertaal en ons Moesliem broers en susters het sedert 1794 ewe toegewyd geskaaf aan Afrikaans. In Genadendal het *De Bode* en 'n drukpers ontstaan sodat Afrikaans ook in die Overberg kon gedy. Het dit nie tyd geword dat die Taalmonument, die Bo-Kaap en Genadendal begin om gesamentlike aksies vir Afrikaans te loods nie? Wat van 'n Afrikaanse toer vanaf Genadendal, deur die Paarl tot in die Bo-Kaap? 'n Entjie verder, in die skadu van Paarlberg, het Adam Small Afrikaans help wortel skiet: Small het van Kaaps 'n letterkunde-taal gemaak en sy huis in Wellington behoort ook deel te wees van 'n inklusiewe Reis vir Afrikaans.

Brug vir alle tale

Vandag moet ons ook erken dat Afrikaans – sedert dit in 1925 aangewys is as een twee amptelike tale – bevoordeel is bo ons inheemse tale. Daardie bevoordeling is meestal deur die belastinggaarder gefinansier. In 'n tyd waar almal sensitief is waarvoor ons belastinggeld gebruik word, moet ons verstaan waarom daar negatiwiteit is hieroor by ons sustertale.

Van Wyk Louw het Afrikaans as 'n brug tussen die tale van die Ooste en die Weste beskryf wat hier aan die suidpunt van Afrika mekaar gevind het. Is dit moontlik dat die Taalmonument voortaan 'n monument vir al die inheemse tale kan wees en homself vestig as die Taal van Eenheid? So word die Taalmonument 'n monument vir demokrasie en wys Afrikaans sy ware kleure.

Intussen hartlike gelukwense aan die hardwerkende personeel en uitvoerende hoof van die ATM. Ons is opreg trots op wat die afgelope 50 jaar bereik is.

■ **Michael le Cordeur was 'n raadslid (2007-2015).**

Maar wat is Afrikaans?

Afrikaans is 'n besonderse taal op soveel verskillende vlakke. **Sybrandus Adema** vertel meer.

Sowat 7,2 miljoen mense praat die Suider-Afrikaanse taal Afrikaans as 'n eerste taal, en sowat 10 miljoen as 'n tweede of derde taal. Die woord beteken van of behorende tot Afrika. Weens die diverse sprekers en vormingsinvloede, ook rakende die woordordepatrone en uitspraake, is die klank van dié inheemse taal meer Afrikaans as Europees. Tog bied kennis van Afrikaans vir sprekers ook toegang tot Noordwes-Europese tale, veral Nederlands.

Dit word alom beskou as een van die maklikste tale om te leer danksy onder meer 'n stroombelynde, moderne grammatika en gendervrye naamwoorde. Boonop is dit hoogs beskrywend, idiomaties en veerkragtig met oorspronklike, nuwe woorde wat jaarliks tot die ryk woordeskat toegevoeg word.

Gister

Afrikaans se boeiende geskiedenis strek terug na die laat 1500's toe Nederlandse seelui met die inheemse Khoekhoen begin handel dryf het.

Met die vestiging van 'n VOC-verversingspos in 1652 het dié kontaktaal verder ontwikkel, hoofsaaklik danksy die pogings van inheemse Afrikane en slaafgemaaktes uit Suidoos-Asië en Afrika om met mekaar en Europese setlaars te kommunikeer.

Laasgenoemde groep, wat talle Europese tale gepraat het, het ook toenemend dié taal as spreektaal begin gebruik en vorm terwyl Nederlands as amptelike taal aanhou geld het.

In die 1700's en 1800's het verskillende Afrikaanse variëteite na groter dele van Suider-Afrika versprei en is dit verder verryk deur ander Afrikatale. Die koloniale tale Nederlands, Engels en Duits was steeds die enigste amptelike kommunikasiemiddels.

Die eerste geskrewe weergawes van Afrikaans het in die vroeë 1800's in Genadendal se Khoi-Afrikaans (in Latynse skrif), in die middel-1800's in Kaapstad se Maleis/Moesliem-Afrikaans (in Arabiese skrif) en die laat-1800's in die Paarl se Boere-Afrikaans (in Latynse skrif) verskyn. In al hierdie gevalle het godsdiens as aansporing gedien om die gesproke taal verder te ontwikkel, maar dit was geografies en kultureel beperk.

Ná afloop van die vernietigende Suid-Afrikaanse oorlog (1899-1902) het 'n ontluikende wit Afrikaner-nasionalisme die taal probeer kaap vir korttermyn politieke doelwitte. Die stryd is teen Nederlands en Engels gevoer voordat Afrikaans uiteindelik in 1925 as 'n amptelike taal aanvaar is.

Hoewel wit moedertaalsprekers 'n minderheid van Afrikaanses was (en is), het hul politieke en ekonomiese mag toenemend veroorsaak dat die taal se diverse sprekers en komvandaan-verhale vir dekades grootliks geïgnoreer is, ook wat die vaslegging van die taal se standaardvariëteit betref.

In die vroeë 1900's het Afrikaans snel ontwikkel – literêr, akademies en staatkundig – hoewel sensuur en rassisme, veral ná die Nasionale Party se oorwinning in 1948, die taal se kulturele groei gestriem en toenemend Suider-Afrikane van die taal vervreem het.

Die Soweto-opstande van 1976 was 'n keerpunt wat uiteindelik tot die einde van apartheid en die bevryding van Suid-Afrikaners (en Afrikaans) gelei het.

Vandag

Sedert 1994 beleef die taal verskeie uitdagings en suksesse. Aan die een kant word Afrikaans as akademiese, ekonomiese en politieke taal saam met die ander amptelike, inheemse tale op die agtergrond geskuif ondanks die land se verbintenis tot gelykheid en veeltaligheid.

Die taal het wel 'n groot kuber- en mediateenwoordigheid en op die skeppende front beleef Afrikaans se tientalle variëteite 'n opbloei in terme van musiek, rolprente, die literêre kanon en kunstefeeste. Dit volg in die voetspore van die 1960's se Sestigers – 'n Afrikaanse literêre weerstandsbeweging met onder andere Bartho Smit en Adam Small wat sekularisasie, moderniteit, rasseverdraagsaamheid en seksuele vryheid omhels het – asook bewegings soos Voëlvry en Afrikaaps.

Môre

Hoewel een van Afrika se jongste tale, beskou leidende pan-Afrikaniste Afrikaans se groei as 'n goeie voorbeeld van linguistiese dekolonialisering as deel van die groter uitdaging om die kontinent se inheemse kulture erkenning te gee. Wat in die guns van Afrikaans (soms as Suider-Afrika se Swahili beskryf) tel, is dat dit na die kontinent vernoem en die mees veelrassige streeksmoedertaal is.

Baie vordering is al met die herstandaardisering en depolitisering van die taal – asook versoening onder Afrikaanses onderling en met ander landgenote – gemaak. Hoewel dit op sosiale en kulturele vlak sigbaar is, kort dit op 'n politieke vlak erkenning.

■ **Sybrandus Adema is die kommunikasiehoof sedert 2017.**



Afrikaans is die mees veelrassige streeksmoedertaal in Suider-Afrika, al is dit een van Afrika se jongste tale. Foto: AFRIKAANS100 | NATALIE GABRIELS PHOTOGRAPHY

Meer?

- Die Afrikaans van die Kaapse Moslems, *Achmat Davids, verwerk deur Hein Willemse en Suleman Dangor, sbafrikaans.co.za – 2019*
- Die storie van Afrikaans – uit Europa en van Afrika, *WAM Carstens en EH Raidt – Deel 1 2017 & Deel 2 2018*
- So kry ons Afrikaans, *Christo van Rensburg – 2012*
- Roots of Afrikaans: Selected writings of Hans den Besten, *Edited by Ton van der Wouden – 2012*
- Die klassifikasie van Afrikaans, *Ernst Kotzé, litnet.co.za – 2018*
- Die algemene demografie van Afrikaans, Afrikaanse Taalraad en Solidariteit Navorsingsinstituut, *taalmuseum.co.za – 2022*
- *af.wikipedia.org/wiki/Afrikaans*

Soveel dorpe,

Die grootskaalse veldtogte ter bewusmaking van en fondsinsameling vir die Taalmonument in die Paarl het baie vreugtevure aangesteek, en heelwat ander dorpe het besluit om hul eie monumente op te rig. Meeste was in die aanloop tot die Taalfeesjaar van 1975, maar Burgersdorp spog met die oudste taalmonument wat uit 1893 dateer.



Hoër Meisieskool Paarl vier die Afrikaanse Taalmonument se 50ste bestaansjaar!

Hoër Meisieskool Paarl
Paarl Girls' High School

De Re & De Re
CONSTRUCTION

SPESIALIS BOUKONTRAKTEURS

Dankie vir die verering en bewaring van die Afrikaanse taal en ryk geskiedenis

dere@mweb.co.za Zuidmeerstraat 18, Paarl +27 82 7795888

Die oprigting van 'n grootse monument

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (sedert 1991 opgeneem in die ATKV) het in 1964 'n kompetisie vir die ontwerp van die Afrikaanse Taalmonument uitgeskryf en 12 argitekte genooi om deel te neem. Die ontwerp van Jan van Wijk is as wenner aangewys. In 1968 het die Paarlse munisipaliteit sowat 84 ha berggrond kosteloos aan die staat oorgedra vir die oprigting van die monument. Bouwerk het laat in 1972 begin en is aan die einde van 1974 voltooi. Die totale boukoste was sowat R700 000. Die monument is in 1975, 100 jaar na die stigting van die GRA, ingewy. Lees meer oor die bouers en bouprojek op taalmuseum.co.za.





Historium Trust

Funksie- en konferensiesentrum Function and Conference Venue

HISTORIUM
KONFERENSIESENTRUM

Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument

In samewerking met die Afrikaanse Taalmuseum en -monument, Paarl

Geleë langs die Afrikaanse Taalmuseum in die historiese hart van die Paarl. Die konferensiesaal bied sitplek vir 100 mense, terwyl ons raadsaal geskik is vir werkswinkels of opleidingsessies (tot 20 mense). Ons fasiliteite is ideaal vir konferensies, verjaarsdagpartytjies, jaareindfunksies en klein troues. Daar is 'n ten volle toegeruste kombuis. Besoek ons Historium Konferensiesentrum en pragtige tuin en word 'n bewonderaar.

Tel: +27 (0)21 872 2022
Sel: 072 980 9515
E-pos: info@historium.co.za
Pastorielaan 11, Paarl, 7620

• BAIE GELUK AAN DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM EN -MONUMENT OP HUL 50STE VERJAARSDAGVIERING •

Vandag verteenwoordig die museum se uitstalling alle Afrikaanse stemme en word dit gereeld besoek deur leerlinge op skoolutstappies, soos dié groep van Paarlzicht Primêr.



Toe die Afrikaanse Taalmuseum gestig is, was die uitstalling redelik eensydig, erken Wannie Carstens.

Foto's: VERSKAF

Terugkyk en regmaak wás nodig

Van dromers en vredemakers tot vasvatters, planmakers, konsolideerders en toekomsgerigtes – soveel mense werk saam om die ATM te maak werk, sê **Wannie Carstens**. Elkeen se betrokkenheid dra by tot die geheel.

Elkeen wat al 50 geword het, sal weet dat dit 'n belangrike oomblik in jou lewe verteenwoordig. 'n Halwe eeu oud. Dit is die dag waarop jy 'n nuwe fase in jou lewe betree. Ervare en wyser as vroeër. Jy kan ander mense selfs 'n paar lesse gee as hulle sou vra. Dit is ook 'n tyd vir nadenke: Was my lewe tot op hede 'n sukses? Het ek 'n verskil gemaak? Maar ook: Wat lê nog vir my voor?

Alles begin by die mense

As die ATM sou terugkyk, wat sou die mense betrokke by die instelling oor hierdie tyd sê? Oor 50 jaar het talle mense op die een of ander wyse insette gelewer om die entiteit te bring tot waar dit vandag is.

Betrokkenheid by die museum is tydgebonde omdat die meerderheid betrokkenes dit in die een of ander hoedanigheid, dikwels ampshalwe, gedoen het. Aan die begin was daar die dromers uit die Paarl (ons het so 'n monument nodig), die planmakers (hoe kry ons die fondse), die vasvatters (so gaan ons te werk), die oprigters (Jan van Wijk en andere), die konsolideerders (kom ons maak seker die Taalmonument bly lewensvatbaar), die toekomsgerigtes (hoe neem ons die museum die toekoms in), die vredemakers (watter foute is gemaak met die oprig van die monument en hoe maak ons dit reg), en die skip-op-die-waterhouers (wat seker maak alles loop ordelik van dag tot dag).

'n Losse versameling gefokuste mense het meegewerk om die entiteit te bring tot waar dit vandag is. Elkeen se rol was egter in die uitvoer van die plan onontbeerlik.

Ek het vir 'n tydperk van 14 jaar gedien op die raad van die ATM. Toe ek begin het, het dit nog 'n sterk Afrikaner-georiënteerdheid gehad. Dit kon nie langer so voortduur nie en verandering was dringend noodsaaklik. Ons het alles krities bekyk: die versameling, bestuurstrukture, personeelsamestelling.

Tegelykertyd moes ons seker maak die befondsing van die staat bly in plek, wat uitdagend was gegewe die komplekse politiek van die tyd.

'n Proses in twee dele

Veral twee aspekte het ons aandag geverg. Eerstens moes die eensydige persepsie dat Afrikaans se verlede primêr gekoppel is aan gebeure in die Paarl en omgewing, reggestel word.

Ingeligte mense weet dit is nie waar nie, maar dit is wat "daar buite" geglo en in stand gehou is. Die rol van die Paarl as die plek waar die beweging begin het om Afrikaans as skryftaal te vestig, moes ook nie uit die oog verloor word nie.

Tweedens was die uitstalling in die museum en dit wat by die monument uitgebeeld is, in 'n groot mate 'n weerspieëling van oorwegend wit mense se bydrae tot die ontwikkel van die taal. Dit was asof die "ander sprekers" (bruin, swart, nie-Hollandse Europese immigrante) van Afrikaans nie werklik 'n rol gespeel het nie. Dit was reeds lank duidelik dat dit nie die geval is nie, maar dit is nie altyd weerspieël in wat in die instelling vertoon is nie.

Die suksesvolle uitkoms

Ek glo graag dat ek met my betrokkenheid, met my agtergrond as taalkundige en ook my visie en leiding as voorsitter, tog bygedra het tot die deurvoer van die belangrike en noodsaaklike transformasieproses.

Natuurlik was dit nie net deur my toedoen nie, maar deur die gesamentlike insette van kundige raadslede en werknemers van die ATM. Danksy al hierdie insette en harde werk is daar vandag in die Paarl 'n hedendaagse nasionale monument wat ten doel het om Afrikaans as taal in Suid-Afrika te vier.

Soos dit nou is, is dit 'n plek wat deel van Afrikaansprekendes se reisplan moet wees as die Wes-Kaap besoek sou word. Dit is ook 'n instelling waarop Afrikaanse mense trots kan wees, juis omdat dit iets van ons veelkantige verlede weerspieël.

My hoop is daarom dat nie net Afrikaansprekendes die ATM sal kom besoek nie, maar ook mense uit ander taal- en kultuurgroepe, wat kan kom sien hoe Afrikaanse mense in staat is om diep na binne te kyk en 'n mooi uitkoms te kan oplewer.

Selfs nou in my aftrede doen ek nog gereeld by die instelling aan. En telkens as ek deur die Paarl ry, is dit met 'n mate van vrede en genoegdoening oor wat ons as bestuur en werknemers kon regkry om die albatros grootliks van die ATM se nek te kon haal en dit toe te laat om weg te vlieg.

Die feesvierings van 2025 verteenwoordig 'n afgeronde fase in die geskiedenis van die instelling: uit 'n ou bedeling na 'n nuwe bedeling.

Mag die monument teen 2075 nog stewiger staan as wat vandag die geval is en mag Afrikaans se voetspore nog stewiger in die land sigbaar wees.

■ **Wannie Carstens was 'n raadslid (2003-2011), die raadsvoorsitter (2011-2014) en ondervoorsitter (2014-2017).**

DE JAGERS
Sedert 1955
70 1955 - 2025

Ons stel bekend die Andries kortbroek

✓ Liggewig rekstof materiaal
✓ "Dri Wick"tegnologie
✓ Beskikbaar in groottes 30 - 48

SLEGS R250
(alle groottes)

Van die ATM se geleenthede en projekte











> Die ATM se projekte verseker dat Afrikaans in alle kulture en gemeenskappe bevorder word.

iinet connect
FIBRE | WIRELESS | VOIP
BAIE GELUK MET 50 JAAR!
fibre@iinet.co.za
021 879 2150 | 067 0924 749

SASNEV
Die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere (SASNEV) sê graag:
Gefeliciteerd met je 50ste verjaardag!
Ons sien uit daarna om saam-saam die volgende vyftig jaar die sterk bande tussen Afrikaans en Nederlands te vier.
Besoek Sentraalplein 4 in Pinelands of kontak ons by info@sasnev.co.za

C. J. Langenhoven

Neelsie sou trots gewees het op julle!

Van harte geluk.
Die Langenhoven Gedenkfonds

Arbeidsgenot
Jan van Riebeeckweg 217
Oudtshoorn

Só maak instelling sy arms oop

Vanaf 1997 was daar 'n daadwerklike poging deur die ATM om die breë gemeenskap te betrek. **Jack Louw** vertel van 'n paar.

Adam Small se "Kanna hy kô hystoe" is aangebied; as genooide spreker het Matthews Phosa uit sy Afrikaanse digbundel voorgelees; *Die Burger* se redakteur Henry Jeffreys het 'n praatjie gelewer; die rektor van die Universiteit Stellenbosch het 'n skrywersaand bygewoon; die kletsrymer Hemelbesem het vir 'n aand se vermaak gesorg; en voormalige president F.W. de Klerk het sy boek bekend gestel.

In 1997 is die eerste volwaardige vakkundige hoof vir die ATM aangestel. Waar daar voorheen geen wesenlike kommunikasie met die personeel was nie, is personeelvergaderings ingestel. Ander bestuurstrukture wat neergelê is, was die bywoning van opleidingskursusse, die opstel van posbeskrywings, en die instelling van doeltreffende finansiële bestuurspraktyke.

Laasgenoemde is ondersteun deur fondsinsamelingsinisiatiewe, onder meer deur kommersiële fotoskiet-geleenthede by die monument (nuwe motormodelle, nuwe kleremodes deur modelle) en die skiet van rolprente (byvoorbeeld Bollywood).

'n Groot nuwe sentrum is opgerig om die toenemende personeel te akkommodeer, inligting aan besoekers te verskaf en lesings te lewer.

Op uitnodiging het die argitek van die Taalmonument, Jan van Wijk, 'n aantal praatjies daar gelewer. Hy het meermale na die monument verwys as "die statige dame." As eerbewys is sy as later in die wand van 'n rots by die monument ingemessel.

Die vorige inligtingslokaal is vergroot en uitverhuur as 'n eetplek en winkel vir besoekers.

Op vermaaklikheidsgebied is die amfiteater in bedryf gestel deur dit te verhuur aan 'n musiekpromotor. Dit het groot aansien verkry danksy optredes van bekendes in die musiekbedryf soos Mango Groove, Johnny Clegg asook oorsese sangers soos Demis Roussos en Dana Winner. 'n Kleiner verhoog, die Tuinteater, is op die monument se grasperk gebou om 'n bykomende dimensie aan piekniekaande te gee. Kunstenaars soos Emo Adams, Elvis Blue, Laurika Rauch, en so meer het hier opgetree.



Die Taalmonument is beskikbaar vir die skiet van foto's en rolprente. Inkomste uit toegangsfooie, verhurings en permitte word gebruik om die tekort in die subsidie van die departement van sport, kuns en kultuur aan te vul. Dit word aangewend vir instandhouding en om opvoedkundige programme en erfenisprojekte aan te bied. Foto: VERSKAF

Die ATM het soos 'n goed geoliede masjien gewerk. Personeel het 'n hoë vlak van werketiek gehandhaaf. Vakkundige personeel het stukrag verleen met opbouende inisiatiewe; hierin is hulle sterk ondersteun deur 'n waarderende raad. Die kennis en ervaring van die raadslede was van onmeetbare waarde, veral op taal- en finansiële gebied.

Dit is onderstreep tydens die 25-jarige viering van die ATM in 2000 toe die gasspreker en Wes-Kaapse premier, Gerald Morkel, die instelling geloof het vir sy bydrae tot Afrikaans.

■ **Jack Louw was die direkteur (1997-2016).**

'n Voortdurende strewe na die evolusie van Afrikaans

Jacelyn Scott

Die rol van Afrikaans in Suid-Afrika is veelsydig en diep verweef met die land se komplekse geskiedenis, kulturele identiteit en sosio-politieke landskap.

Die ATM is 'n bewys van die ryk kulturele erfenis en identiteit van die Afrikaanssprekende gemeenskap in Suid-Afrika. Hierdie instelling, wat 50 jaar gelede geopen is, het nie net die geskiedenis en evolusie van die Afrikaanse taal bewaar nie, maar het ook gedien as 'n noodsaaklike opvoedkundige hulpbron en 'n spilpunt vir gemeenskapsbetrokkenheid.

Die museum se betekenis lê in sy rol as bewaarder van die Afrikaanse kultuur, wat begrip en waardering van die taal se bydraes tot die Suid-Afrikaanse samelewing bevorder.

Oor die afgelope vyf dekades het die ATM merkwaardige mylpale bereik, met 'n diverse reeks uitstallings en versamelings wat die taal se literêre, historiese en sosiale dimensies beklemtoon. Verder het sy toewyding aan opvoedkundige programme en gemeenskapsbetrokkenheid 'n dieper verbintenis tussen die instelling en die publiek bevorder, wat verseker dat die nalatenskap van Afrikaans voortduur.

Terwyl ons hierdie mylpaalherdenking vier, is dit noodsaaklik om te besin oor die prestasies van die verlede, terwyl ons ook die toekoms-aspirasies van die ATM in 'n vinnig veranderende kulturele landskap in ag neem.

Die rol van Afrikaans in Suid-Afrika is veelsydig en diep verweef met die land se komplekse geskiedenis, kulturele identiteit en sosio-politieke landskap.

As een van die 12 amptelike tale wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet erken word, dien Afrikaans nie net as 'n kommunikasiemiddel nie, maar ook as 'n belangrike simbool van erfenis vir baie Suid-Afrikaners.

Afrikaans beklee 'n unieke en komplekse posisie binne die Suid-Afrikaanse konteks en die Taalmonument se rol in die bevordering en bewaring van Afrikaans is van onskatbare waarde.

Afrikaans is 'n taal wat sowel die ryk kulturele erfenis van sy sprekers as die voortdurende stryd om gelykheid en erkenning in 'n diverse samelewing beliggaam. Soos Suid-Afrika voortgaan om sy post-apartheid-identiteit te navigeer, sal die rol van Afrikaans ongetwyfeld ontwikkel soos dit die dinamiese wisselwerking tussen taal, kultuur en politiek in hierdie altyd dinamiese nasie weerspieël.

Baie geluk aan die leierskap met hierdie merkwaardige mylpaal en jul toewyding daartoe om te verseker dat ons taal sy relevansie en betekenis in die hedendaagse samelewing behou. Mag die volgende 50 jaar nie net fokus op die behoud van die tradisionele aspekte van Afrikaans nie, maar ook op die aktiewe bevordering van inklusiwiteit. Hierdie benadering behels die erkenning en viering van die ryk tapisserie van dialekte, kulturele uitdrukkings en streekvariasies wat binne die Afrikaanssprekende gemeenskap bestaan.

Deur hierdie uiteenlopende nuanses te eerbiedig, kan die ATM 'n meer verwelkomende omgewing skep wat die veelsydige aard van Afrikaans weerspieël – en verseker dat dit ontwikkel en floreer op 'n manier wat verteenwoordigend is van al sy sprekers.

■ **Jacelyn Scott is die raadsvoorsitter sedert 2024.**

Boodskappe wat eggo uit 1975

’n Museum word deur sy versameling gedefinieer, sê **Samuel Minnaar**. Die voorwerpe wat deur die jare hul weg na dié plekke vind en uiteindelik daar bewaar word, onderskei nie net museums van ander instellings nie, dit is hul wese.

Met die viering van ons 50ste bestaansjaar, is dit gepas om die kollig spesifiek te plaas op voorwerpe wat so lank deel van die versameling is as wat die ATM oud is, byvoorbeeld die feesboodskappe van 1975.

Groot verskeidenheid van alle uithoeke

In aanloop tot die opening van die Taalmonument op 10 Oktober 1975, is honderde feesboodskappe van oor Suider-Afrika heen na die Paarl gestuur. Van al Suid-Afrika se moedertale, is Afrikaans die mees wydverspreid (ook in 1975) en daar was kwalik dorpies sonder ’n Afrikaanse skool, kerk of een of ander gemeenskapsinstelling. Nie net uit alle uithoeke van Suid-Afrika nie, maar ook van Suidwes-Afrika (vandag Namibië) en Rhodesië (vandag Zimbabwe) is boodskappe ontvang.

Hoewel dit nie die oudste voorwerpe in die ATM se versameling is nie, is die feesboodskappe van belang aangesien dit een van die eerste groot “subversamelings” is wat deel van die Taalmuseum se versameling geword het.

Daar het feesboodskappe van alle kleure en geure in die Paarl aangekom: Groot, klein, sommige geraam, sommige in kokers opgerol. Wat materiaal betref, is enkele boodskappe op leer geskryf, ander weer op hout. Die groot meerderheid was natuurlik papierbriewe met of sonder briefhoofde.

Soms is ’n boodskap onderteken deur ’n burgemeester (namens ’n dorp), soms ’n skoolhoof (namens ’n skool) en soms is dit onderteken deur ’n hele groep, komitee of net “die gemeenskap”.

Met sommige feesboodskappe is geen moeite ontsien nie: Boodskappe is geskryf in die mooiste sierskrif en allerhande tierlantyntjies is bygevoeg.

Dit was dikwels ook meer as een mens wat daaraan gewerk het en die eindproduk sou gelees kon word as ’n weerspieëling van wié die boodskap gestuur het of die gemeenskap waar dit vandaan kom. Dit is redelik om te dink dat afskeepwerk kwalik geduld sou word waar die groep se reputasie op die spel is…

Daar is dan ook enkele erg beskeie feesboodskappe. Die toenmalige burgemeester van Citrusdal het byvoorbeeld op ’n klein, dun stukkie papier geskryf: “Aan Huis Gideon Malherbe. Van Citrusdal-gemeenskap opregte goeie wense met die Taalfees: Ons Sal Handhaaf.” Sonder enige versierings, kort en kragtig!

Soveel interessanthede om van te leer

Hierdie boodskappe verklap ook allerhande dinge van die tyd en plek waarin dit geskep is. Buiten vir, byvoorbeeld, die insig wat mens kry op die tipografiese giere van die tyd, is daar ander dinge wat ook opval.

Hoewel verskillende boodskappe soms van dieselfde plekke ontvang is, was daar totaal verskillende gemeenskappe wat boodskappe geskryf het. So kry mens byvoorbeeld die Afrikaanssprekendes van Swakopmund sowel as die “deutschsprechenden Bürger dieser Stadt” wat boodskappe geskryf het.

Gegewe die apartheidskonteks, is dit te verstane dat ras ook dikwels die bepalende faktor was vir hoe dorpe verdeel is en watter gemeenskappe boodskappe gestuur het. Uit sommige dorpe, soos byvoorbeeld uit Karasburg, is daar twee feesboodskappe ontvang: ’n boodskap “namens die Kleurlinggemeenskap van Karasburg” sowel as ’n boodskap vanaf die burgemeester wat, hoewel nie eksplisiet genoem word nie, namens die “blanke gemeenskap” sou wees.

In 1975 was ’n fakkelloop deel van die feesvieringe. Agt fakkels is nie net deur Suid-Afrika nie, maar ook ons buurlande Rhodesië (vandag Zimbabwe) en Namibië. Hier word dit deur Okahandja in Namibië gedra. Foto’s: VERSKAF

Interessant genoeg, tussen die boodskappe is daar enkele voorbeelde waar hierdie verdeeldheid eksplisiet oorbrug word. Daar is byvoorbeeld ’n gesamentlike boodskap wat lui “Huldigings- en Wydingsverklaring van die Blanke- en Nie-Blankegemeenskappe van Riebeeck-Wes, Riebeek-Kasteel en Hermon”.

Die fakkelloop van 1975

Die feesboodskappe kan ook nie genoem word sonder om te verwys na die fakkelloop wat in 1975 as deel van die feesvieringe plaasgevind het nie.

Daar was agt fakkels (simbolies van die Genootskap van Regte Afrikaners se agt stigterslede) wat oor Suidelike Afrika gedra is met die Paarl op 10 Oktober 1975 as eindpunt. So is die fakkels dan van dorp na dorp gedra. Wanneer ’n fakkel verbygekom het, is die feesboodskappe dan ook gewoonlik oorhandig.

Prof. Jannie Rossouw verwys na die fakkelloop as “die laaste geografies omvattende kulturele viering van Afrikaans”.

Die letterloop van 2025

Daar is natuurlik heelwat feesgevier vanjaar as deel van #AfrikaansAmptelik100, maar dit bly ’n ope vraag of daar weer in die toekoms ’n viering van Afrikaans op so ’n groot skaal soos in 1975 sal wees.

As eggo van die fakkelloop, kan die groot letters wat “Afrikaans” spel en vanjaar deur die land getoer het, ook genoem word. Instellings binne die Solidariteit Beweging het die nege letters versier “volgens waarvoor hulle staan en wat hulle doen” en in Mei is dié letters agterop ’n vragmotor van Pretoria na die Afrikaanse Taalmonument vervoer. Nieteenstaande dat die “letterloop” veel meer beskeie was en veel minder van Suidelike Afrika gedek het, was daar hierdie keer ook geen feesboodskappe nie.

Namate die briefkuns met uitsterwing bedreig word en kommunikasie meer en meer slegs digitaal geskied, is dit seker ook te verwagte.

In hierdie opsig gee die feesbriewe van 1975 miskien ook insig in hoe tye verander en roep vrae op oor hoe feesviering en kommunikasie oor nog 50 jaar kan lyk. Museums en museumversamelings speel hier ’n belangrike rol om voorwerpe te bewaar vir die toekoms, vir die volgende belangrike mylpale van Afrikaans.

■ **Samuel Minnaar is museumbeampte sedert 2023.**



Aan Huis Gideon Malherbe.

Van Citrusdal gemeenskap

opregte goeie wense met die

Taalfees : Ons Sal Handhaaf

(BURGEMEESTER)

CITRUSDAC.

Feesboodskappe van 1975 — toe die monument ingewy is — wat steeds in die museum bewaar word, is een van die subversamelings met diepe betekenis vir die ATM. Sommige boodskappe was kort en kragtig, soos dié een uit Citrusdal.

HULDIGINGS- EN WYDINGSVERKLARING

VAN DIE

BLANKE- EN NIE-BLANKEGEMEENSKAPPE

VAN

RIEBEEK-WES, RIEBEEK-KASTEEL EN HERMON

10 OKTOBER 1975

Ander boodskappe was langer en is van die hele gemeenskap gestuur.

Bronne:

- *Rossouw, J. 2023.* Die laaste geografies omvattende kulturele viering van Afrikaans: Die fakkelloop tydens die Taaljaar 1975. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe. 63(2): Junie 2023*
- *Steyn-Bezuidenhout, C. 2025a.* Luister | Letterprojek vier Afrikaans in al sy prag. *Maroela Media. 17 April. [Intyds, geraadpleeg op 25 Augustus 2025]: https://maroelamedia.co.za/goeiegoed/goeie-nuus/luister-letterprojek-vier-afrikaans-in-al-sy-prag/*
- *Steyn-Bezuidenhout, C. 2025b.* Só loop Letterkonvooi op pad Paarl toe. *1 Mei. [Intyds, geraadpleeg op 25 Augustus 2025]: https://maroelamedia.co.za/goeiegoed/goeie-nuus/so-loop-letterkonvooi-se-pad-paarl-toe/*

SIMONSVLEI

MORE THAN WINE

Simonsvlei spreek hartlike gelukwense uit aan die Afrikaanse Taalmonument.

Die Afrikaanse Taal-monument vier vanjaar sy 50ste bestaansjaar – ’n goue mylpaal wat Afrikaans se diversiteit en groei verteenwoordig.

As Simonsvlei, wat self ons 80ste verjaardag vier, is dit ’n besondere voorreg om saam met die Afrikaanse Taalmuseum hierdie historiese jaar te gedenk. Net soos die monument Afrikaans se verhaal met trots uitbeeld, vertel ons wynkelder die verhaal van tradisie, kwaliteit en ’n verbintenis aan ons gemeenskap.

Die Simonsvlei-span



Van een 50-jarige aan 'n ander 50-jarige: Hartlik geluk met hierdie mylpaal. Ons stap trots Afrikaans saam die toekoms in.

Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum: Geheue van die Afrikaanse woorderfenis in letterkunde, musiek en toneel.

NALN50 — 1973 - 2023 —

Vriende NALN Musiek Letterkunde Toneel

NASIONALE AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE MUSEUM EN NAVORSINGSSENTRUM musiek ○ letterkunde ○ toneel

Navrae: vriendevannaln@gmail.com

Sewe keer met die helm gebore?!

Catherine Snel was vir 10 jaar lank kurator van die ATM. Sy vertel van haar pad met dié instelling en die verskeie projekte waarby sy betrokke was.

"Museums is nie eilande nie," sê Catherine Snel. Sy het in haar tyd by die ATM verskeie projekte van stapel gestuur om die gemeenskap betrokke te kry en voete te lok na die museum in die Paarl. Foto: VERSKAF

As tweedejaarstudent het ek, my broer en twee neefs eendag Taalmonument toe gery. Ons was té laat vir 'n besoek, maar geniet toe die pragtige uitsig. Terwyl ek so die uitsig bewonder, sê ek vir myself, "eendag sal ek graag in hierdie pragtige dorp wil woon en werk!".

Sewe jaar later, in 2004, word ek toe aangestel as kurator van die ATM.

Dit was die begin van een van die opwindendste werksreise!

As jong museoloog is ek die vorige direkteur, Jack Louw, innig dankbaar vir die ruimte wat hy my gebied het om my volkome uit te leef. Hy het altyd gesê as die idee ten voordeel is van die ATM en dit voete na die museum bring, is hy gelukkig.

My idees was so uiteenlopend en die beste was om projekte en programme aan te bied waarby besoekers van alle hoeke van die samelewing aanklank kon vind.

> As museumkundige is dit vir my baie belangrik dat museums plekke moet wees waarmee besoekers kan identifiseer en kan leer oor dit wat uitgestal word.
>
> — CATHERINE SNEL

Die vele fasette van die taal

Daar was onder meer 'n skoolleerling wat haar studierigting verander het nadat sy 'n praatjie oor my eie navorsing in die Kamiesberg saam met die rymkletser Hemelbesem en dr. Willem Botha, voormalige hoofredakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, bygewoon het.

Die doel van die praatjie was om te kyk na die kreatiwiteit van Afrikaans en wie bepaal hoe nuwe woorde die woordeboek haal.

Afrikaans, soos enige ander taal, stagneer nie; nuwe woorde word daagliks geskep. Hierdie leerling was gefassineerd en het gesê sy wens dat Afrikaans so interessant op skool aangebied kon word!

Een van my gunsteling-projekte was my navorsing in die Kamiesbergstreek in Namakwaland. Daar het ek, die skrywer Petro Gordon en later kollega Janine Brown navorsing gedoen oor hoe Afrikaans gebruik word in sy alledaagse vorms soos die spreektaal, musiek, liedjies, stories, naamgewing en kinderspeletjies.

Die inwoners is kleurvolle karakters wat ons hartlik ontvang het en hul kultuur met ons gedeel het.

Ek onthou die een man wat vertel het hoe hy sewe keer met die helm gebore is; tant Grietjie met haar opgewektheid wat begin met 'n storie en dan heeltemal 'n ander storie vertel totdat sy weer haar oorspronklike storie hervat. Een oom het vertel hoe hy gedurende sy diens in die Tweede Wêreldoorlog vir Luciano Pavarotti in Italië ontmoet het!

Dan was daar die tannies van Kamieskroon wat ons geëien het as hulle kinders. Ons het lappieskomberse gekry, hulle het vir ons roosterkoek gemaak en dan het ons in die kookskerm gesellig verkeer terwyl die ooms musiek gemaak en stories vertel het.

In 2013 is die Afrikaanse Taalmuseum se storievertelprojek-bundel, "Drakenstein se mense vertel", bekendgestel. Die twee komediante Hein Poole en Lee Roy Brown van "Fietna lekke Jy"-faam het ook 'n komedievertoning aangebied. Voor van links na regs is Monty Isaacs, Catherine Snel (Taalmuseum) en Mercia May. Agter is Hein Poole, Lee Roy Brown en Suzette Poole. Foto: LIEZL DAVIDS

Projekte vir Afrikaans

Persoonlike sake het ontaard in projekte. Lees is baie na aan my hart en so het die ATM leesprojekte onder laerskoolleerders ontwikkel.

Projekte is uitgevoer in Porterville waar leesaktiwiteite by 'n huis van 'n gemeenskapslid aangebied is; by Klawervlei Primêr in die Karoo het ek gehelp met die oprig van 'n skoolbiblioteek. Uitreikprogramme is ook gedoen in St. Francisbaai in die Oos-Kaap, die Hexriviervallei en verskeie skole in die Paarl.

Een eer wat my altyd sal bybly, was toe een van my opvoedkundige programme deur die departement van kultuursake en sport aangewys is as beste opvoedkundige program in die provinsie.

Daar is so baie stories om te vertel, onder meer die Paarliete wat my deel gemaak het van die gemeenskap en natuurlik die ATM wat in my geglo het om my skeppende denke in ongelooflike projekte en programme te kon skep.

As museumkundige is dit vir my baie belangrik dat museums plekke moet wees waarmee besoekers kan identifiseer en kan leer oor dit wat uitgestal word, asook die programme en projekte. Museums is nie eilande nie.

Baie geluk aan die ATM met jul vyftigste bestaansjaar. Mag julle vir vele jare besoekers inspireer en baanbrekerswerk doen sodat ons taal gesien kan word as 'n simbool van nasiebou!

■ **Catherine Snel was die kurator (2004-2014).**

Om al die artikels wat in hierdie bylae vervat is sowel as artikels deur die persone wat op die agterblad aangehaal word gratis te lees, gaan na taalmuseum.co.za/artikels.

Die Dameskring
INSPIREER • BEMAGTIG • BOU

Die Dameskring is 'n onafhanklike, landswye organisasie, wat vroue inspireer en bemagtig om as leiers en positiewe verskilmakers hul Christenskap uit te leef, die Afrikaanse taal te bevorder, hul gemeenskap dinamies te dien en te help bou aan ons land, Suid-Afrika.

Die liefde vir ons taal vind weerklank in die deurlopende Taal Van Ons Hart-projek, waar die hutsteken #dkhartstaal op Die Dameskring se *Facebook*- en *Instagram*-platforms gevolg kan word vir boekgesprekke, 'n aanlyn leeskring en ander taalpret.

Vroue van Die Dameskring vier 'n eeu van Afrikaans - mag ons woorde nóg 'n eeu soos amandelbloeisels hoop saai.

www.dameskring.co.za

85224BV-DB011025

Feesboodskap van die burgemeester

Dr. Helena von Schlicht dra op dié groot verjaardag haar gelukwense oor aan die Afrikaanse Taalmuseum en -monument.

Helena von Schlicht

Dit is 'n groot voorreg om saam met julle die 50-jarige vieringe van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument te gedenk.

Afrikaans weerspieël krag en diversiteit. Dit is 'n taal wat ons gemeenskappe verbind en maatskaplike samehorigheid versterk. Mag hierdie fees ons inspireer om die erfenis van Afrikaans te bewaar en dit met trots en hoop na die toekoms te dra.

Die monument is nie net 'n geskiedkundige baken nie, maar ook 'n simbool van die lewenskragtigheid en energie van Afrikaans – 'n taal wat oor eeue heen gevorm is deur die mense en kulture van drie kontinente.

Dit is 'n plek waar geskiedenis, kultuur en natuur bymekaarkom, en waar die diversiteit van ons gemeenskappe gevier word.

Hierdie 50ste bestaansjaarfees beklemtoon die rol van die ATM as toeriste-aantreklikheid, werkskepper, brugbouer en strategiese vennoot. Dit is 'n plek van samehorigheid en trots – 'n anker vir gemeenskappe en 'n brug na die toekoms.

Soos die digter Breyten Breytenbach in "Die Tongvervreemding" skryf:

wanneer jy die moedertong
in my mond laat verdor
neem jy die wêreld weg
verduister jy my geheue
maak jy dat ek as vreemdeling
en sonder 'n eie paar skoene
die toekoms moet ondergaan
wat ek nie meer fatsoeneer nie
wat ek nog net interpreteer
en nie penetreer nie
wanneer jy die taal
van my wegneem
ruk jy die hart uit my drome
om dit te vervang
met die mondmaniere
van 'n tong wat nog net
die blinde werk van miere kan doen
wanneer jy van my 'n massasyfer maak
om soos 'n gefuikte papegaai
te pik-pik na sy nabootsing
maak jy dat ek 'n weesmens is
in die leë huis van my vaders
sonder taal om my afwesigheid te beween

Veels geluk, en lank lewe die ATM! Lank lewe Afrikaans!

■ **Raadsheer dr. Helena von Schlicht is sedert 2016 die uitvoerende burgemeester van die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit, die tuiste van die ATM.**

KOM VIER SAAM FEES!

Sien die talle ATM-geleenthede by taalmuseum.co.za/wat-gebeur.

Foto: VERSKAF

Nou is álmal uiteindelik regte Afrikaanses

Jean Meiring

Dit is gevaarlik by die apostrooflike toespreek van 'n monument om by Peter Blum te begin. Maar hoe vermy 'n mens dit? Sy gedig "Oor monnemente gepraat" (1955) is immers die sjabloon wat so baie nakommers opneem wanneer hulle hul eie stemme verhef – om in lof, soms deursuur van die ironie, 'n monumentale beeld of blokhuis voor die volksoog op te roep.

Gevaarlik natuurlik omdat Blum Blum is. Omdat hy in daardie vers 'n stem wat wreed buite die hoofstroom gestel is, as digterlike mombakkies aansit. Maar hy was dan self 'n buitestander, sal sekeres hom verdedig. Dié herkenbare buitestem het hy aangewend juis om die maghebbende nasate van Murray, Hofmeyr en Van Riebeeck – daar was ook magloses! – op te stuur en te ontsenu.

Gevaarlik ook want, as dit by die Afrikaanse Taalmonument kom, is die eerste, mees dringende vergelyking wat by 'n mens opdoem iets skunnigs.

Trouens, verdraai die digterlike hanswors Blum se gedig se eerste strofe, wat oor die Voortrekkermonument gaan, om dit by die Paarlse uit graniet gekapte priemstuk te pas, sou dit só kon lees: "Wat spog jul so met julle monnemente? / Hy's groot e' regop: da' staan die paal / da' met sy koppie. Wie't vir hom betaal / – al daai graniet en marmer en sement?"

Toe die Taalmonument in 1975 orent kom, was Blum al anderhalf dekade in selfopgelegde ballingskap, ver buite die Afrikaanse dampkring wat hy ongenooid in Suid-Afrika binnegedring het. Hy't sekerlik daarvan te hore gekom. Dalk op die agterkant van 'n leë graanvlokkieboks 'n nuwe strofe vir "Oor monnemente gepraat" bygedig? Iets oor fertiliteitsrituele tussen die wingerdlote.

Komplekse aard van die ATM

Hoe dié verbeeldingsvlugte ook al sy, soos daardie tegelyk bekende en moeilik verstaanbare gedig is die Afrikaanse Taalmonument in kompleksiteit en dubbelsinnigheid gehul. Dit ontketen 'n waaiering verskillende reaksies. Ook taal, sou 'n mens kon sê, kom nooit alleen nie, bepaald nie in Suid-Afrika nie.

Tog, die objektiewe toekyker sal sekerlik toegee dat dinge aan 't verander is, in Afrikaans en ook by die Taalmonument. Ná meer as 'n eeu se dighouding en yking – die eerste uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* het in 1917 al verskyn – word die luike tans vir al die baie variëteite van Afrikaans oopgegooi. Ook in die Paarl, waar die Genootskap van (let wel!) Regte Afrikaners so graag om 'n tafel in die tuiste van die Taalmuseum vergader het.

Dís ironies – 'n poëtiese sirkelgang – want Afrikaans self sou nie as afsonderlike taal op die been gekom het as die bebaarde bewaarders hier te lande van Hooghollands nie in die laaste dekades van die 19de eeu verslaan is nie. Als ter wille van 'n dialek-wat-taal-word wat aanvanklik in 'n voorheen onvry gemeenskap Moslems formeel gebruik en geskryf is.

Dis iets besonders om die wêreld se nuutste taal te praat. Dis ook 'n verantwoordelikheid, juis omdat die afgelope eeu se reëlaanbiddery in diens daarvan was om die ons van die hulle, die spreekwoordelike skape van die bokke, te skei.

Vandag is daar baie onse in dié pond: in Afrikaans en by die Afrikaanse Taalmuseum en -monument word die kring, anders as "ou Mies Victória" se "klein spanspek", knaend groter en groter getrek, om meer mense in te sluit en te omarm. Vandag gaan dit minder oor "stetjoes, elkeen soos 'n mens", en meer oor mense hoe ook al hulle hulself uitdruk.

Vir my was dit 'n ingewikkelde voorreg om vier jaar lank as voorsitter van die raad van dié komplekse en veranderende instelling te staan. My wens is dat dit van krag tot krag sal gaan.

■ **Jean Meiring was raadsvoorsitter (2020 tot 2024).**

AON
Afrikaanse Onderwysnetwerk

Gelukwense aan die Afrikaanse Taalmuseum en -monument met die viering van 50 jaar se kulturele nalatenskap!

Die Afrikaanse Onderwysnetwerk ondersteun, versterk en bevorder Afrikaanse moedertaalonderrig.

AFRIKAANS 100 JAAR AS AMPTELIKE TAAL

IN Afrikaans. VIR Afrikaans. DEUR Afrikaans.

www.aonetwerk.co.za
Facebook/AONetwerk

Een taal, vele stemme

Voor die Genootskap van Regte Afrikaners reëls begin maak het, was Afrikaans ŉ swart taal. En as jy by dié punt vasval, gaan die res van wat ek te sê het jou nie aanstaan nie.

– Debra Meyer

As jong volwassene het ek die monument gesien vir wat dit ook is: 'n gedenkteken vir 'n taal wat nie ŉ gegewe of gewaarborg is nie; 'n bewys van die arbeid, toewyding en passie van duisende mense oor dekades heen, ongeag ras, geslag of geloof.

– Marlie Coetzee

In Suid-Afrika het madrassas nie net gedien as 'n instelling vir Islamitiese godsdiensonderrig en weerstand teen slawerny, kolonialisme en apartheid nie, dit het ook 'n beduidende rol gespeel in taalontwikkeling, veral met betrekking tot die skep en behoud van Arabiese Afrikaans.

– Shamiega Chaudhari

Hoewel die gedig meer as 'n dekade oud was toe dit by die inwyding voorgedra is, het die suggesties van Adam Small toe steeds resoneer. Die waarskuwende toon in die slotvers moes hol weerklink het teen die betonsuile; 'n dreigende voorafskaduwing van die Soweto-opstande van die daaropvolgende jaar toe die jong generasie studente teen Afrikaans as onderrigtaal in opstand kom . . .

- Steward van Wyk

Ons het gekom van 'n tyd waar Afrikaans 'n bron van stigma was na 'n tyd waar dit 'n bron van trots en kreatiwiteit is. Afrikaanse rymklets is nie net 'n musiekstyl nie – dis 'n lewende bewys van die krag van kultuur, taal en jeuggees.

– Frazer Barry

Ons vergeet soms dat Afrikaans nie 'n Europese gedoente is nie. Dis 'n kreooltaal gebore uit Afrika. Afrikaans is nie 'n Nederlandse gewelhuis met baie kamers nie, dis 'n kraal met 'n klomp hutte. Afrikaans is 'n karos waaronder al haar kinders moet lê.

– Bettina Wyngaard

Nuwe mense, nuwe dinge, nuwe veranderinge – en dit is hoe die Taalmuseum verander het in die huis onder en bo in die uitstallings. Niks is meer dieselfde soos wat dit gelyk het toe ek daar begin werk het nie.

– Megan Ruiters

Afrikaans se hede is so lig of donker soos die persoon wat daarvan praat. Ek is optimisties oor Afrikaans se toekoms – nie omdat ek naïef is nie, maar omdat hoop 'n broodnodige bestanddeel vir die toekoms is. Vir my bly Afrikaans 'n taal vol moontlikhede.

– Cliffordene Norton

Lees meer op taalmuseum.co.za/artikels

50 TAALMONUMENT